HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

25 Januarie 2022

Algemene Oueromsendbrief Nommer 03 Van 2022

Geagte Ouer/-Voog

Wiskunde is 'n ongelooflike lekker en uitdagende vakgebied. Ons wil graag met u 'n paar wenke deel oor hoe om sukses te behaal en die spanningsvlakke onder beheer te hou:

- Huiswerk moet ten alle tye gedoen word - as u kind sukkel, moet hulle dit in potlood probeer.
- Alle huiswerk en klaswerk moet gemerk word - met die doel om vas te stel waar u kind verkeerd gegaan het en hoe om dit volgende keer reg te kry.
- Vir die meeste leerders is die klaswerk en huiswerk nie voldoende nie, en ekstra werk moet op 'n weeklikse basis gedoen word.

Om die proses van ekstra werk te vergemaklik, kan daar bestellings by die betrokke onderwyser vir die Eksamenhulpboek geplaas word. Die boek bestaan uit ou vraestelle en memo's oor al die onderwerpe wat in u kind se graad gedek gaan word.

Die boek kan by die Wiskunde onderwyser teen R70 bestel word (kan ook in boekwinkels teen R100 aangekoop word). Bestellings sluit 31 Januarie (bestelling word nie geplaas, indien boek nie betaal is nie).

Ons weet 2022 gaan 'n suksesvolle jaar vir u en u gesin wees.

Randjiegroete,

SHIRLEY VAN ZYL
WISKUNDE ONDERWYSER

P BOOYSEN
HOOF

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 517 902• MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za